

15 *Sondag***SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 6:17-24****FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 6:21****Tichikus – die getroue dienaar in die Here**

Tichikus is nie 'n bekende naam nie. Dis nie 'n naam om aan jou kind te gee nie. Die naam beteken immers “toevallig”. Ons weet dat niks in die lewe toevallig gebeur nie. God beskik oor alles.

So sien ons hierdie man, Tichikus. Hy was nie uit die verbondsvolk nie. God het egter oor “Toevallig” beskik dat hy juis deel van sy kerk moes wees. Daar word nie veel van hom in die Bybel geskryf nie. Wat wel geskryf is, is uitsonderlik. Dis 'n getuigskrif, geskryf onder die inspirasie van die Heilige Gees. Hy is die “geliefde broeder en getroue dienaar in die Here”.

Hierdie getuigskrif dien voor die kerk in die Nuwe Testament. Die goedheid van die Here skitter in hom. Hy het hierdie man uit Asië geroep om op 'n beskeie manier 'n rolmodel in die kerk te wees. Efese en Kolosse kan vertel hoe hy 'n brief van Paulus aan hulle afgegee het en hulle vertel het van hulle omstandighede en hulle bemoedig het.

God gebruik mense, mense wat in die oë van die wêreld maar net toevallig is, om sy boodskap te dra. Hulle vertel egter dat liefde en getrouheid die kenmerke van Jesus se optrede in hierdie wêreld is. Hy het sy liefde aan ons bewys deurdat Hy vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8).

Heerlik is dit om te weet dat die Here ook ons as getroue en liefdevolle diensknegte gebruik. Hy gee vir ons sy brief aan die wêreld om uit te deel en te troos. Mag ons dit in liefde en getrouheid nakom.

Sing: Psalm 119:2 (1936)

Ds. MJ (Tinus) Smidt (Ficksburg)